

## HOOFSTUK V

### AFRIKAANS IN DIE SKOOL

#### DIE MEDIUM-KWESSIE IN DIE VRYSTAAT.

Die medium-kwessie op skool is ouer as die vredesooreenkoms van Vereeniging! In die middel van die Tweede Vryheidsoorlog het die Britse Hoë-kommissaris, lord Milner, vir mnr. E. B. Sargent aangestel as Direkteur van Onderwys vir die Oranjerivier-kolonie en die Transvaal. Op 6 November 1900 het hy in die Kaap aangekom. Hy het 'n besoek aan die twee oorlogvoerende republieke afgêlê en ná sy terugkeer in die Kaap (Januarie 1901) het hy kennis geneem van die Groenpunt-kampskool, wat deur die krygsgevangenes self opgerig is. Nege krygsgevangenes het aan 'n honderd ander onderwys gegee op 'n tweetalige manier „deur alles wat hulle in Afrikaans sê, onmiddellik in Engels te herhaal.”\*

Hierdie onderwysmoontlikheid het so 'n indruk op Sargent gemaak dat hy dadelik dergelike skole in die konsentrasiekampe gestig

---

\*A. K. Bot: *Honderd Jaar Onderwys in Transvaal*, bl. 57.

het. Sy eerste skool het hy op Norvalspont geopen waar hy self vir twee weke as hoof-onderwyser opgetree het. In die ander kampe is ook gou skole ingerig.

Wat die taalkwessie betref, is godsdiens-onderrig in Hollands gegee. „The religious instruction of Dutch children,” sê mnr. Sargent, „we leave to be given in their own language, lest we should produce a feeling of spiritual alienation between father and son.” Die medium vir die ander vakke was Engels.

Hiermee is gebreek met die sisteem van die Vrystaatse Regering soos vervat in Wet Nr. XIV van 1895 en soos geproklameer in Wet Nr. XXI van 1899. Dit was die sleutel vir die nuwe onderwyspolitiek, soos dit ook blyk uit 'n brief van Sargent aan lord Milner (14 Junie 1901): „Our military policy has gathered the greater part of the child population into these camps and I feel that the opportunity during the next year of getting them all speak English is golden.” Aan die ingevoerde Britse onderwysers skryf hy op 14 Junie 1901: „We use the English language in all subjects of secular instruction, because the Dutch, as well as the British Afrikaner population, recognise that the material advancement (to name no other form of advancement) of the children in these Colonies is bound up with an adequate knowledge of the English tongue.”

Dit is dan ook nie vreemd dat Artikel 6 van die Vredestraktaat van Vereeniging (1902) as volg lui nie: „The Dutch language will be taught in Public Schools in the Transvaal and Orange River Colony, where the parents of the children desire it, and will be allowed in courts of law when necessary for the better and more effectual administration of justice.”

Ons vind nou ook in Artikel 6 van die Wet van Junie 1903 die volgende: „Any scholar shall at the request of the parent, or guardian, receive instruction in the Dutch language for three hours a week.”

Dit is duidelik: die ideaal van die veroweraar was om die verowerde volk so gou as moontlik te verengels, om sy imperiale ideale by hulle te laat posvat, en die beste manier was: begin by die jeug, die burgers van môre. Daarom word onderwysers en staatsamptenare uit die Verenigde Koninkryk ingevoer. Baie duidelik is dus die volgende brief van Sargent aan lord Milner in 1903. Ons gee dit in die Nederlandse vertaling soos dit in *Die Brandwag I*, bl. 418 verskyn het: „Wij moeten 'n beroep doen op Engeland en de broeders en zusters van hen die voor het Rijk gestreden hebben, hen vragen om over te komen om dat deel van de arbeid te verrichten dat hun mannelike familieleden niet in staat waren te voltooien. Onze militaire operaties hebben ten gevolg

gehad dat 't grootste deel der jongens tans in de kampen verblijft; en ik ben oortuigd dat wij geen betere gelegenheid hebben dan tans om hen 't volgend jaar allen Engelssprekend te maken. Wat wij tans hier nodig hebben, zijn vrouwen, hoogst bekwame onderwyzeressen, met sterke vaderlandsliefde, die genegen zullen zijn hierheen te komen en de ontberingen van 't kampleven te doorstaan, ten einde de kinderen van de burgers onze taal en onze idealen te onderwysen. Leer de kinderen langzamerhand ook onze grote imperiale idealen."

Milner met sy handlangers wou van die Boer kinders klein imperialiste maak, totaal ontwortel aan die godsdiens en tradisies van hulle voorvaders.

Dit is dan ook geen wonder dat hierteen reaksie ingetree het nie. In September 1903 is 'n petisie oorhandig aan die Luitenant-Goewerneur deur die volk van die Oranjerivierkolonie, hoofsaaklik deur bemiddeling van die Ned. Ger. Kerk, waarin hulle vra vir (1) meer mag aan die Skoolkomitees. (2) „That at least five hours per week shall be devoted in all schools to the teaching of the Dutch language, which is the language of a very large majority of the population of this Colony; and (3) that religious instruction shall not be of a doctrinal nature."

Hier word dus gevra vir ten minste vyf

uur Hollands per week. Volgens die Onderwyswet van 1903 kon die kinders vyf uur onderrig in Hollands per week ontvang, maar dan moes die twee uur godsdiensonderrig in Hollands uitgeskakel word, en ons weet dat die ouers dit nie sou toegelaat het nie.

Die Luitenant-Goewerneur, sir H. Goold-Adams, het twee maande later (11 Nov. 1903) op die petisie geantwoord. Hy wys op die voordele verbonde aan Engels as medium van onderrig „now that this State has become a part of the British Empire,” en op die waarde van Engels as handelstaal. Hy wei verder nog uit oor die edelmoedigheid van die Regering om hulle drie uur onderrig in Hollands te gee en nog twee uur Bybelonderrig en besluit dan: „In all the circumstances, I think it is clear that the Government has gone as far as can reasonably be expected in meeting the wishes of the petitioners in this respect and I cannot hold out hopes of any further increase in the hours devoted to the teaching of Dutch.”

Waar goed negentig persent van die Vrystaatse bevolking, veral op die platteland, Hollandssprekend was, is dit te begrype dat hulle nie gewillig was om in hierdie toestand te berus nie. Dit was onnodig vir die Luitenant-Goewerneur om die Boere op die voordele van 'n kennis van Engels te wys — hulle het dit self besef soos blyk uit die tyd wat aan

Engels bestee is in die dae van die Republiek en die gretigheid by die Boerkinders om Engels aan te leer. Hulle was dus nou nie teen Engels as 'n taal nie, maar hulle was teen die imperialisering van hulle kinders deur die onderwysowerheid en teen die onderdrukking van die Hollandse taal, die waarborg vir hulle voortbestaan as volk.

Toe die antwoord van die Luitenant-Goewerneur op die petisie daarom bekend gemaak is, was die beker vol. Om sy identiteit te bewaar trots neerlaag, het die Boervolk nou vroeg in 1904 hulle eie skole opgerig, wat hulle Christelik-Nasionale Skole genoem het. Die Skoolkomitees is deur die ouers gekies, die skoolkursus is so ingerig dat dit daarop bereken was om onderrig aan die kinders te gee in 'n Christelik-Nasionale gees en volgens die behoeftes van die land. In hierdie skole is Hollands die medium en naas die volkstaal word ook die landsgeskiedenis doseer, terwyl die onderrig in Engels as taal nie agterweë gelaat is nie.

Die leiding van hierdie C.N.O.-beweging was in die hande van vooraanstaande predikante van die Hollandse Kerke, en van die Boeregeneraals soos Beyers en Botha. Die volk het hulle kragtig gesteun, hoe verarmd hulle ook al was, en groot somme geld is in Nederland vir die doel ingesamel.

Hierdie beweging het so vinnig toegeneem en tot so 'n krag ontwikkel dat die onderwys-  
outoriteite van die regering met hulle moes  
rekening hou. Dwarsdeur die Vrystaat is  
C.N.O.-skole opgerig, op die vernaamste dorpe  
soos Ladybrand en Winburg. Wat Bloemfontein  
betref, vra *De Vriend* (14 Oktober 1904)  
self: „Hoe komt het dat Bloemfontein en de  
naaste omgeving, die zich kunnen beroemen  
een groot aantal welvarende Afrikaanders in  
hun midden te hebben, nóg niet kunnen wijzen  
op een Christelijk Nationale School en een  
Afrikaander weesinrichting?”

Die redakteur deel striemende houe uit: wys  
op die verengelsing van die kinders in die  
regeringskole, die vernietiging van hulle nasio-  
naliteitsbesef, die veronagsaming deur Engelse  
onderwysers van die drie uur Hollands per  
week, en wys dan op „de propaganda voor een  
soort van Imperialistiese kinderen bond —  
waarvan de kinderleden in alle deelen van de  
Engelsche aardbodem elkaar Engelsche briefjes  
moeten schrijven en een Imperialistiese her-  
kenningsblikje moeten dragen. Onbesproken  
laten wij dan nog de verdraaiing der geschie-  
denis . . . ”

Die antwoord hierop was die stigting van 'n  
C.N.O.-skool in 1905 deur ds. W. Postma in die  
voorportaal van die Gereformeerde Kerk, 'n  
skool wat ontwikkel het tot een van die grootste  
in die Vrystaat: die Sentraal-Hoërskool.

Die regeringskole het 'n gevoelige knou gekry deur die C.N.O.-beweging, en dit is daarom begryplik dat hulle planne sou beraam om op 'n diplomatiiese wyse tot 'n oplossing te geraak. Aanleiding hiertoe was 'n brief van 23 September 1904 van eerw. G. H. P. Jacques van die Wesleyaanse Kerk aan die destydse Direkteur van Onderwys, mnr. Hugh Gunn, „suggesting that he had reason to believe that the time was opportune for a conference of representative men to bring about an agreement on the points at issue between the Government and the supporters of the Christian National Schools.”\* Drie dae later volg 'n brief van ds. J. J. T. Marquard, Moderator van die Ned. Ger. Kerk. in die Vrystaat, waarin hy 'n konferensie voorstel. „The difference,” sê hy, „between the Dutch Church people and the Government is so small that it ought to be possible to move it.” Gedurende die onderhandelinge is ds. Marquard oorlede, maar die konferensie het plaasgevind op 15, 16 en 17 Maart 1905 tussen verteenwoordigers van die Regering en verteenwoordigers van die Ned. Ger. Kerk en ander seksies van die volk. Onder hulle vind ons die name van genl. J. B. M. Hertzog, genl. C. R. de Wet en mnr. C. H. Wessels.

---

\*Brinsley White: *The Language Question*, 1926, bl. 9.

Hierdie konferensie het uitgeloop op die amalgamasie van die C.N.O.-skole en die Rege-  
ringskole. Skoolkomitees is aangestel vir elke  
distrik: die meerderheid is gekies deur die  
belastingbetalers en die minderheid aangestel  
deur die Goewerneur. Die plaaslike liggame  
is verantwoordelik gestel vir 'n gedeelte van  
die finansiële laste. Hulle moes 'n plaaslike  
bydrae van ten minste een-sesde van die onder-  
wyskoste maak, en as hulle dit nie kon bybring  
nie, kon die Regering 'n hoofbelasting van tien  
sjielings oplê op elke manlike persoon bo 21  
jaar. Wat die taalkwessie betref, lui die oor-  
eenkoms as volg: „English shall be the medium  
of instruction in schools, but the time devoted  
to the teaching of English and Dutch, as  
languages, shall be the same.” Hierdie besluite  
is saamgevat in 'n nuwe Onderwyswet wat  
goedgekeur is deur die Uitvoerende Komitee op  
15 Julie 1905.

Op hierdie konferensie is geen eise gestel  
deur die Hollandssprekendes wat betref die  
medium nie. In die praktyk het dit daarop  
neergekom dat daar nog maar, soos vroeër, net  
drie uur per week aan Hollands as taal bestee  
is. Brinsley White erken dan ook (t.a.p.,  
bl. 11): „As far as the language question is  
concerned, the agreement under which the  
Christian National Schools were amalgamated  
with the Government schools was clearly a

complete triumph for the Government of the day. No real concession was made on the question of the hours to be devoted to the teaching of the Dutch language: on the really vital question of the medium of instruction there was no fight at all."

Die amalgamasie van die skole is nie oral verwelkom deur die Afrikaanssprekendes nie. Intendeel. Dit het sterk protes uitgelok, veral van die kant van die Gereformeerde Kerk, en hier is die leiding geneem deur ds. W. Postma. „De tijding van de onderwijs-overeenkomst kwam op ons als een emmer koud water op onze rug," skryf 'n sekere S. van Boshof. „Onderwijs, het Volksideaal, waarvoor wij tans byna 2½ jaar arbeiden, is ons plotseling zonder er ons in te kennen, ontnomen." (*De Vriend*, 7 April 1905). „Zoo lang Hollands niet wettelijk toegelaten wordt als medium van onderwijs, bevat ons onderwijsstelsel een element waarmee geen enkel Afrikander vrede kan hebben," skryf die redakteur van *De Vriend* (5 Mei 1905), en tog pleit hy vir verdraagsaamheid.

Op 12 Mei 1905 rig ds. W. Postma van Bloemfontein, en ds. J. A. du Plessis van Reddersburg, albei van die Gereformeerde Kerk, 'n ope brief deur middel van *De Vriend*, aan alle voorstanders van die Christelik-Nasionale Onderwys in die Vrystaat, en hekel die amalgamasie van die C.N.O.-regeringskole. Hulle

nerinner aan die besluite geneem op die bekende Brandfort-kongres wat onderwys sake betref. So is daar besluit „dat het medium van onderwys zal zijn Hollands of Engels of beide, met dien verstande, dat voor de eerste twee leerjarens slechts een taal medium van onderwys kan zijn, de keuse te geschieden door de school kommissies, terwyl voor de volgende leerjarens die beide talen gelykelyk moeten worden bedeed.” Intussen is genl. Kritzinger en ds. P. S. van Heerden na Holland gestuur om nog meer geld in te samel vir die C.N.O.-skole, en nou is die skole skielik geamalgameer. Punt vir punt word die amalgamasie-ooreenkomste getoets aan die beginsels van C.N.-Onderwys, en getoon hoedat die amalgamasie nie daaraan voldoen nie. „Wij vragen: Waarom moeten onze kindere in een vreemde taal onderwys ontvangene?” Daar word ook geen woord gerep oor godsdiensonderwys nie: „Wij krijgen neutrale scholen, die kweekplaatsen worden, niet van neutraliteit, maar van ongeloof en liberalisme.”

Wat nou gedaan? Hulle moet protesteer teen die oorgawe van reeds bestaande C.N.O.-skole; hulle moet bly volhard in die beginsel van eie skole totdat die regering hulle regte erken het. Ten slotte nooi hulle alle belangstellendes uit vir 'n kongres en vir die oprigting van 'n Vereniging vir C.N.-Onderwys. Hierdie

konferensie het dan ook vroeg in Januarie 1906 op Bloemfontein plaasgevind.

Intussen het ds. Postma en verskillende ander persone nog briewe gepubliseer in die *Vriend* teen die amalgamasie. So bewys hy op 21 Julie 1905 dat die regering 'n pragtige oorwinning behaal het. „Dit is die fynste stuk diplomاسie (uitoorleh kunst) wat onse regering nog uitgevoer het, en dat hulle party juig, kan ons goed verstaan. Hulle verloor niks en win amper al die skole van hulle teenparty, en laat die kastige kommissies die werk doen wat hulle voorskrywe.” Verder is hy moeg vir „die ou vroom praatjie: konsiliasie.”

Geestig maar tog oor satiries word die amalgamasie gehekel deur Oom Blikoor (mnr. Visscher, die redakteur van *De Vriend*) in 'n brief wat hy op 26 Mei 1905 aan sy koerant stuur. Hy het sleg gevoel, sê hy, toe hy van die amalgamasie van die skole lees. Dit is 'n snaakse woord daardie, en toe sy ou vrou dit sien, vra sy hom ook somaar: „Ou, watter soort asie is nou weer dié?”

„Ne,” zeh ik, „ik weet nie. Daar is kompensاسie, en ik weet wat dit beteken.”

„Ja,” zeh toe mijn ou vrou zo vinnig as net 'n vrou dit kan zeh. „Dit beteken niks.”

„Ik weet ook wat repatriاسie beteken.”

„Ja, ik ook,” zeh julle ou Tante, „repatriاسie beteken ruwenاسie.”

„En wat beteken dan konsilliasie, as jij alles zo mooi weet?” vra ik toe biekie kwaad, want ik kan nie verdra nie dat vrouwens oorals hul snawel in steek.

„Dit beteken: ik die vlees en jij die afval, en dit noem jij dan: gelijke rechte,” antwoord die ou, maar ik meen in die woordeboek staan dit anders.

„Dan is daar nog ander soort van asies, en die beste wat ik nog van geles het, is ko-operasie, maar wat amalgamasie bedui, dit het ik die skoot nog nie geweet nie.”

Oom Blikoor het die stuk weer geles, en toe aan sy vrou gesê dit lyk vir hom soos 'n „handsop-affêre.” Sy ou vrou het die koerant gepak en tot dieselfde gevolgtrekking gekom: die skole het „gehandsop.” Dit is vir die ou oom 'n groot teleurstelling, want dit beteken dat die Afrikaner se taal in die skool nie tot sy reg sal kom nie. Hulle sal nou die een of ander plan moet maak om Hollands te red.

Die amalgamasie was dan geen gelukkige oplossing nie, soos blyk uit die feit dat daar in 1906 nog 'n duisend kinders in C.N.O.-skole was. In 1907 word nog in Bloemfontein die Oranje Meisjes- en Normaalschool geopen „om die volksdogters daarin te laat opgelei word in die gees waarin die volk dit verlang.” Die vader van hierdie inrigting was pres. Steyn.

In 1907 is aan die Oranjerivier-kolonie Ver-

antwoordelike Bestuur toegestaan; artikel 36/ van die konstitusie erken die tweetaligheidsbeginsel volledig, behoudens 'n ondergeskikte puntjie. Genl. Hertzog, die Minister van Onderwys, het dadelik 'n nuwe Onderwyswet opgestel wat heeltemal verskil het van Wet Nr. 29 van 1905. Hy het geweldig baie teenstand ondervind van die kant van die Konstitusionele party om dié wet deur die Parlement te loods. So skryf dr. O'kulis in sy *Oogdruppels* tydens die sitting van die Volksraad (3 Julie 1908): „Genl. Hertzog trek voor en hij trek. Als hij net die zweep zien, dan beur hij vorentoe. Ek wil nie praat als die voorslag teun hom kom nie, dan breek die jukskeie. Dis ,darrem 'n vooros daardie.' ”

Hierdie Onderwyswet van genl. Hertzog omhels: verpligte onderwys vir kinders tussen sewe en sestien jaar en die herinstelling van skoolgeld in plaas van skoolbelasting; gelyke behandeling van Hollands en Engels; onderrig in Bybelgeskiedenis tot standerd VI; 'n verandering in die wyse waarop skoolkomitees gekies word.

Wat sy taalbeleid betref, motiveer genl. Hertzog sy standpunt as volg: „Ons werk is niet om Engelse kinderen op te voeden als Engelse kinderen en Hollandse kinderen als Hollandse kinderen maar om alle kinderen op te voeden als Zuid Afrikanen.” Seksie 14 van

die Wet, die eerste seksie wat oor die taalkwessie handel, lui as volg (in Engels): „It shall be the duty of the principal teacher of each primary or secondary Public School to provide for and enforce the equal treatment, as much as possible, of the English and Dutch languages in such schools, in order to ensure the proficiency of the children in each of these languages.”

Om hierdie taalgelykheid te verkry, moes daar dus ook 'n verandering kom in die medium van onderwys. Daar lui seksie 15 as volg:

„(1) Save and except in the teaching of any foreign language English and Dutch shall be the sole and equal mediums of instruction in every public school and every child up to and including Standard IV shall be instructed in every subject through the language best spoken and understood by such child as the medium of instruction for such child, and the language which is not the medium of instruction for such child shall by gradual increase and as much as is consistent with the age and intelligence of such child be resorted to and used.

„(2) Where and whenever any class is composed partly of English and partly of Dutch-speaking children, both English and Dutch shall as far as possible be equal mediums of instruction for such class.

„(3) (a) After Standard III both English

and Dutch shall be taught as languages to every child; provided that whenever a parent shall require in writing that his child be exempted from the operation of this sub-section and shall show to the satisfaction of the Director that either because of such child's state of health or of the temporary nature of his residence in South Africa, or because of any other adequate reason of a like nature it will be to the advantage of such child that he be exempted from learning the one or other of the two languages, the Director shall grant such exemption.

„(b) The teaching of the English or the Dutch language as a language shall be through the medium of the language which is the subject of instruction.”

Seksie 16 maak voorsiening vir die medium van onderrig in klasse ná standerd IV en bepaal dat ten minste drie hoofvakke onderrig sal word deur medium Engels en ten minste drie deur medium Hollands.

Hierdie wet het by die eentalig-Engelse onderwysers en Engelse ouers verset uitgelok en 'n geweldige stryd het losgebrand. Baie verwarring het ontstaan by die vertolking van Seksie 15, veral met betrekking tot klasse tot en insluitende standerd IV, gedeeltelik uit Engelsprekende en gedeeltelik uit Hollandssprekende kinders saamgestel. Die Onderwysdepartement is sō oorstrom met vrae dat sirkulêres uitge-

stuur is (11 Februarie, 12 Maart en 1 Junie 1909) om die wet te verduidelik. Dit was ook nodig om 'n Organiserende Inspekteur (dr. G. Knothe) aan te stel om rond te gaan by die skole om die wet te verduidelik. Die verwarring in die vertolking van die wet was dikwels van so 'n aard dat soms 'n mengsel van die twee tale gebruik is as medium, soms is die helfte van die les gegee deur die een en die ander helfte deur die ander medium, en soms is die hele les deur die ander medium herhaal. Brinsley White (t.a.p., bl. 18) gee die volgende staaltjie: „It was gravely argued by two administrative officials in my presence that in a 40 minutes' lesson to a class composed of two-thirds Dutch-speaking and one-third English-speaking children 26 $\frac{2}{3}$  minutes should be devoted to the Dutch medium and 13 $\frac{1}{3}$  minutes to the English medium.” White voeg self daarby: „To me their arithmetic seemed more praiseworthy than their commonsense. A more complete travesty of the Act it would be hard to imagine.”

Die teenstand teen die Wet het nie net van Engelse kant gekom nie, maar wat bedroewender is, ook van Hollandssprekende ouers. Die *Vriend des Volks* (16 Maart 1909) trek te velde teen dié ouers wat as volg redeneer: My kind kan tuis genoeg kennis opdoen van Hollands; ek verlang daarom dat hy op skool 'n degelike kennis van Engels sal ontvang sodat hy sy kos kan verdien in 'n Britse Kolonie. „Wij

Hollandssprekende Afrikaners," sê die *V.d.V.*, „zijn al sedert jaren op zo onnatuurlike wijze onderwezen — van het onbekende naar het bekende — dat het vreemd zou zijn als er niet onder ons dezulken waren die meenden dat het nu eenmaal zo behoorde en dat geen ander stelsel ooit kan deugen.”

In 'n artikel in die *V.d.V.* van 20 April 1909 klae „Op voor de Taal” weer dat die „beginsel-mooie” onderwyswet van genl. Hertzog nog altyd sy teenstanders het. „Gelukkig is hun aantal gering en zeer zeker veel kleiner als de teenparty het zo graag wil doen voorkomen.” Die teenparty gebruik enige nietige middeltjie om die wet te beveg, en wat doen die Hollands-sprekendes, vra die *V.d.V.* Hy waarsku hulle dat as die teenparty hulle sin kry, Hollands gevaar loop om heeltemal te verdwyn. „Als er hier of elders een groepje ontevredenen met de wet opduikt, dan is het pas feest in het kamp der tegenstanders vooral als het verzet komt van enige Hollands-sprekende broeders.” Die *V.d.V.* gaan dan voort om die klagtes te ont-leed, die ongegrondheid daarvan aan te toon, en raai die teenstanders aan om die wet te beoor-deel na sy gees en bedoeling. Ook versoek hy die Minister van Onderwys om die wet in 'n spesiale omsendbrief te verduidelik om daarmee baie misverstand uit die weg te ruim. Dit het dan ook gebeur.

In 'n inleidingsartikel van 27 April 1909 pleit die *V.d.V.* vir meer tweetalige inspekteurs „om toe te sien dat bij het onderwijs niet te kort gedaan wordt aan de rechten van de Hollandse taal.” Reeds vroeër (12 Jan. 1909) het die *V.d.V.* daarop gewys dat daar vier inspekteurs is van wie slegs een „Hollandskundig” is, en voeg daarby: „Wij zullen met belangstelling wachten om te zien hoe de Regering dit vraagstuk zal oplossen.”

Die oplossing was nie ver nie, want in 'n toespraak by die opening van 'n handarbeids-tentoonstelling van die Voorbereidende Teg-niese Skool (*V.d.V.*, 6 Mei 1909) het genl. Hertzog na aanleiding van die teenstanders van die Onderwyswet gesê: „Er waren 'n heel partij personen die als wormen altijd zaten te knagen aan het sociale organisme van de staat om te verkrijgen die dampkring, waarin alleen zij konden leven. Zij waren niet velen in getal, maar maakten 'n groot geraas en trokken aandacht omdat zij zo giftig waren. De school was de laatste plaats waar iemand mocht indringen die hun kwaad gezind was. Dat mocht niet gedogen worden. Intussen wenste hij de verzekering te geven dat Zuid-Afrika zou voortgaan met de Schoolwet. De beginselen van die wet, omdat zij gezond en rechtvaardig waren, eisten dat ze zouden worden gehandhaafd; niet alleen hier, maar over heel Zuid-Afrika.”

Spoedig hierna (15 Mei 1909) het genl. Hertzog drie inspekteurs afgedank „wegens insubordinantie,” d.i. weens moedswillige poginge om die wet te verongeluk. 'n Lasteraksie is deur een van die afgedankte inspekteurs teen die Minister ingedien, en die volk in die O.R.K. en elders het die hand in die sak gestee en van drie pennies tot £25 per enkeling gegee om die hofkoste van die Minister te bestry; 'n totaal van £2,272 is bymekaar gebring en wys hoe algemeen die belangstelling was. Die orige deel van die bedrag ná aftrek van die onkoste is later aan die Akademie gegee om die beste letterkundige werk in Afrikaans met 'n geldprys van omstreeks £70 jaarliks, bekend as die Hertzog-prys, te bekroon.

Almal het verwag, veral die Engelssprekendes, dat die Direkteur van Onderwys, mnr. Hugh Gunn, nou sy bedanking sou indien. Dit was egter nie die geval nie. Maar toe gebeur dit dat die Direkteur, „owing to misunderstanding certain views expressed by the Minister during an interview, had failed to convey certain wishes of the latter to a meeting of delegates, and thereby incurred General Hertzog's displeasure, — so much so that the Director thought it better to tender his resignation than to continue to work under a

Minister with whose views he was not in sympathy."\*

Hierdie bedanking het genl. Hertzog „most promptly” aanvaar en as opvolger het hy aangestel prof. dr. W. J. Viljoen van Stellenbosch. Dit was sy taak om die taal-moeilikhede op te los, en hy het dit op 'n heel bekwame wyse gedoen deur 'n groot mate van tevredenheid te verskaf aan beide seksies van die volk. Opposisie-skole, bekend as „Council Schools,” het reeds ontstaan. Sy *Memorandum* het algemeen byval gevind en die nuwe vertolking van die Wet is in werking gestel deur Wet Nr. 13 van 1910. Die bepalings was as volg:

Met betrekking tot die *Medium*: 1. Moedertaal-medium tot en insluitende standerd IV. 2. Ná standerd IV en tot Matrikulasie moet drie hoofvakke doseer word deur medium van een van beide tale.

Met betrekking tot *taal*-onderrig: 1. Voor standerd IV informele onderrig in die taal wat nie die medium is nie; 2. Ná standerd IV formele onderrig in albei tale.

Intussen is die Unie van Suid-Afrika gevorm en Artikel 137 van die Uniegrondwet bepaal dat Hollands naas Engels amptelik gelyk waardig in alle opsigte gebesig sal word. Die Vrystaatse onderwyswet is toe in ooreenstem-

---

\*E. G. Malherbe: *Education in South Africa*, bl. 384.

ming gebring met dié van die ander provinsies, hoofsaaklik as gevolg van die meerderheids-rapport van die Gekose Komitee, aangestel deur die Unie-Parlement in 1910 om te sien in hoeverre die onderwys in die twee offisiële tale in ooreenstemming is met Artikel 137. Nou is die Onderwyswet van 1912 uitgevaardig vir die Vrystaat.

Hierdie wet was buigbaarder as dié van 1908, wat taalgelykheid betref. Dit het ook voorsiening gemaak vir die belange van die minderheid. Die Wet van 1908 het aanleiding gegee tot twyfel of die tweede taal voor standerd IV doseer moet word. Seksie 5 van die Wet van 1912 bepaal: „Aan elke leerling in elke Standaard van een Publieke School tot en met de vierde Standaard moet zijn huistaal worden onderwezen en voldoende voorziening voor het onderwijs in de tweede taal moet in elke Publieke School worden gemaakt en de tweede taal zal in de scholen aan elke leerling onderwezen worden tenzij de ouder van de leerling het anders verlangt.” Hiermee is die griewe van die 1908-Wet uit die weg geruim.

Onder die 1908-Wet is verder baie moeilikhede ondervind in die regverdige behandeling van die minderheid in klasse tot en met standerd IV, wat gedeeltelik uit Afrikaanssprekende en gedeeltelik uit Engelssprekende kinders bestaan het. Die Engelssprekende seksie het

dit bestempel as „compulsory bilingualism.”  
Seksie 3 (2) van die 1912-Wet het spesiale  
voorsiening gemaak vir doeltreffende onderrig  
van die minderheid:

(a) Door middel van parallelklassen indien  
de bestaande school organisasie zulks toelaat;

(b) door middel van parallelklassen in alle  
gevallen waar het getal der leerlingen die de  
minderheid vormen niet minder bedraagt dan  
vijftien;

(c) in alle gevallen niet vallende onder para-  
graaf (a) of (b) door middel van onderwijzers  
die bevoegd zijn in beide „officiële talen onder-  
wijs te geven.”

Die 1908-Wet het bepaal dat ná standerd IV  
ten minste drie hoofvakke onderrig sal word  
deur medium Engels en ten minste drie deur  
medium Hollands. Seksie 4 van die nuwe Wet  
gee die ouer die reg om ná standerd IV vir die  
leerling te kies:

„(a) een der beide officiële talen als uit-  
sluitend medium van onderwijs, of:

„(b) beide officiële talen als media van  
onderwijs.”

Teneinde hierdie bepalinge uit te voer, sal  
voorsiening gemaak word vir:

(a) Scholen waarin de Engelse taal het  
voornaamste medium van onderwijs is;

(b) Scholen waarin de Hollandse taal het  
voornaamste medium van onderwijs is;

„(c) Scholen waarin die Engelse taal het medium van onderwijs is in enkele vakke en die Hollandse taal in andere vakke.”

Die belangrikste veranderinge in hierdie Wet van 1912 is dus die stigting van parallele klasse in sommige skole, aparte Engels-medium- en aparte Hollands-medium-skole.

Dit was nodig om in seksie 2 te verduidelik wat onder „huistaal” verstaan word: „*huistaal* die officiële taal die door het kind het beste word gesproke en verstaan; *officiële taal* Engels of Hollands en geen andere taal.” Onder die „huistaal” van die Afrikaanssprekende word dus nie Afrikaans gereken nie, maar Nederlands. Gevolglik het die Afrikaanse kind sy onderrig nog steeds deur ’n vreemde medium ontvang. Die stryd tussen Nederlands en Afrikaans op ander terreine van die maatskaplike lewe was nog aan die gang, maar nou sal Afrikaans ’n belangrike vesting verower: die skool. Die man wat die leiding hier neem, is adv. C. J. Langenhoven. Op 23 April 1914 loods hy ’n voorstel deur die Kaapse Provinsiale Raad dat Afrikaans die voertaal sal wees in die laere skole tot en met die vierde standerd waar volgens wet Nederlands die voertaal is, maar indien die betrokke skoolkomitee teen sekere Afrikaanse leesboeke beswaar aanteken, moet sulke boeke nie toegelaat word nie.

Die Vrystaat het spoedig gevolg. - Eenparig

word die volgende voorstel van N. C. Havenga aangeneem op 15 Junie 1914: „Deze Raad is van gevoelen, dat ten einde de voorschriften van Ordonnantie No. 2 van 1912, met betrekking tot onderricht in en door middel van de ‚huis-taal,‘ behoorlik uit te voeren, het woord ‚huis-taal,‘ voor zover het Hollands bedoeld is, dient opgevat te worden in de zin van Nederlands en Afrikaans, en verzoekt het Uitvoerend Komitee de nodige stappen te doen om naar gelang van omstandigheden deze uitleg bij het Openbare Onderwijs prakties toe te passen.”\*

In 'n hoofartikel wys die *V.d.V.* daarop dat Afrikaans in die praktyk reeds deur die onderwysers gebruik is as medium in die laere klasse en nou is dit formeel gewettig. Die *V.d.V.* dring daarop aan dat daar nou ook voorsiening gemaak sal word vir Afrikaanse skoolboekies. Die *V.d.V.* is bly vir die oorwinning van Afrikaans. „De strijd was dikwels zwaar, maar wat alzo verkregen wordt, waardeert men des te meer.” Tog moet alle bande met Nederlands nie verbreek word nie. Intussen het adv. Langenhoven ook geywer vir skoolboekies in Afrikaans, net soos die *A.T.V.*, en het hy ook die saak bepleit op die Akademie-sitting (2—4 Julie 1914) te Bloemfontein in 'n skitterende lesing: *Afrikaans ons Voertaal*. 'n Kommissie is toe benoem om te sorg vir die

---

\**Het Schoolblad*, 15 Aug. 1916.

nodige leerboekies in samewerking met vakmanne. Die Vrystaat het nie by besluite gebly nie, want in 1917 het mnr. Thos. Blok 'n reeks Afrikaanse skoolboekies geskrywe: „Ons Eie Taal.”

Op die jaarlikse kongres van die Vrystaatse Onderwysersvereniging in 1914, het hulle dadelik hulle instemming betuig met die Provinsiale Raadsbesluit, soos blyk uit die volgende resoluëie: „Die vergadering neem met genoëe kennis van, en spreek sy warme waardering uit oor, die besluit van die Prowinsiale Raad by sy jongste sitting insake die erkenning van die Afrikaanse taal as offisiële medium van onderwys op ons skole, en onderneem geredelik aan hierdie besluit soveel moontlik uitvoering te gee; en ten einde sulks met sukses te doen, beveel hierdie vergadering aan dat aan Normaal-(skool)-studente, by die praktiese voorbereiding soveel moontlik die geleentheid verskaf sal word om met die Afrikaanse medium bekend te word.”

Op die Vrystaatse kongres vir Christelik-Nasionale Onderwys in die begin van April 1916, het mnr. S. H. Pellissier van Boshof 'n lesing gehou oor „Afrikaans in die Volksskool,” en sê almal is daarvoor omdat dit die moedertaal van die Afrikaanse kind is. Hy gee ook praktiese wenke aan die hand vir die invoering van Afrikaans in die laere klasse. Vervolgens word die volgende besluite geneem:

„Die Kongres bring hulde aan die Afrikaanse Akademie vir wat hierdie liggaam al gedaan het en nog doen in verband met die uitgawe van Afrikaanse leerboeke vir die Laere Skool en die daarstelling van 'n Afrikaanse spelsisteem.

„Die kongres versoek die Departement van Onderwys beleef dog dringend om voorsiening te maak dat 'n Afrikaner-onderwyser minstens *eenmaal* per week aan Normaalstudente onder-*rig* sal gee in Afrikaans.

„Die kongres rig 'n vriendelike versoek aan die a.s. Hoogerwaarde Sinode om 'n kommissie aan te stel om op die kwessie van wenslikheid van die gebruik van Afrikaans in die Kerk in te gaan.

„Die lede van die kongres dring aan tydig en ontydig by Skoolkommissie, by Skoolraad, by Departement van Onderwys op deurvoering van die beginsel: moedertaal-onderwys.”\*

Die saak is van owerheidsweë nie oor die hoof gesien nie. Met die sitting op 29 Junie 1916 het mnr. Dan de Villiers sy misnoegdheid uitgespreek oor die feit dat die toepassing van Afrikaans as medium nie geskied volgens die bedoeling van die betreffende Raadsbesluit nie, en stel voor dat die Uitvoerende Komitee opdrag kry om die nodige stappe in die rigting

---

\**Het Schoolblad*, April 1916 en *V.d.V.*, 10 April 1916.

te neem. „Afrikaans is toch die moedertaal en die taal is opzij geschoven en achteruit gezet,” sê hy. By dié geleentheid is ’n ander voorstel van De Villiers met een teenstem aangeneem, nl. om „de Afrikaanse taal als leervak in die lagere standaarde in te voeren.”

In Julie 1916 het die Vrystaatse onderwysers ’n laaste suksesvolle poging aangewend om Afrikaans in die skole ingevoer te kry. ’n Deputasie het namens die hoofbestuur van die O.V.S.O.V. ’n samespreking gehad met die Uitvoerende Komitee en dr. W. J. Viljoen om uitvoering te gee aan die Raadsbesluit van 1914. Hulle is baie simpatiek ontvang, en instruksies is daarop gegee deur die Onderwysdepartement dat vanaf die volgende skooljaar Afrikaans mag ingevoer word in die sub-standerds en standerd I langs of in die plek van Nederlands.

Na aanleiding van hierdie besluit skryf *Het Schoolblad* van Augustus 1916: „Die gebruik van Afrikaans als taal en medium op die skool kondig ’n nuwe tydperk aan in die geskiedenis van onderwys in S.A. Nou, vir die eerste maal, sal die Afrikaanse kind in der waarheid moedertaal-onderwys geniet. Dit is ’n groot gebeurtenis, en elke onderwyser wat die belange van opvoeding op sy hart dra, moet meewerk om hiervan ’n volslae sukses te maak.”

Van nou af sou dit vinnig gaan met die

invoering van Afrikaans op skool. In sy jaar-rapport vir 1917 sê die nuwe Direkteur van Onderwys, mnr. C. F. Schmidt, dat Afrikaans op 'n suksesvolle wyse ingevoer is as vak in die plek van Nederlands, en hoe gouer Nederlands heeltemal uit die skool verdwyn, hoe beter. Wet Nr. 9 van 1920 bepaal dat onder Hollands verstaan sal word die vereenvoudigde vorm van Nederlands en Afrikaans.

Brinsley White gee 'n paar interessante uit-treksels uit inspekteursrapporte gedurende die jare 1917 tot 1920 om aan te toon hoe vinnig Afrikaans Nederlands vervang het op skool (t.a.p., bl. 34-35), veral in die laer klasse. Die Modelskool in Bloemfontein het in 1918 Afrikaans ingevoer „van die onderste tot die boonste klasse,” en verdien die eer, volgens „Skoolman,” om die eerste Vrystaatse skool te wees wat die stap geneem het. Dit dring dus deur tot standerd VII en op die algemene jaar-vergadering van die O.V.S.O.V. in Oktober 1919 op Kroonstad, stel mnr. Pellissier voor, met die oog hierop, dat die betrokke outoriteite Afrikaans naas Nederlands as 'n A-vak in die Matrikulasie-eksamen en Afrikaans alleen as 'n B-vak en verder alleen in die Junior-sertifikaat-eksamens vanaf Desember 1920 moet erken, wat dan spoedig daarna gebeur.

'n Kommissie is in 1920 aangestel deur die

Provinsiale Administrasie om ondersoek in te stel met betrekking tot die medium van onder-  
rig in Primêre en Sekundêre Skole, en dit bring  
aan die lig:

- (1) dat Nederlands as 'n medium van onder-  
rig nou vinnig aan die verdwyn is;
- (2) dat in die laerskool die moedertaal-  
medium, d.i. Afrikaans, vir die Afri-  
kaanssprekende kinders en Engels vir  
Engelssprekende kinders, algemeen  
word;
- (3) dat in die sekundêre skool Afrikaans  
groot vordering maak as medium, maar  
dat Engelsmedium nog meer algemeen is.

In 1925 het Nederlands, op 'n paar uitsonde-  
ringe na, heeltemal verdwyn uit die skole, en  
Afrikaans is nou hoofsaaklik die medium in  
skole wat uit Afrikaanssprekende kinders  
bestaan.

So het Afrikaans uiteindelik die oorwinning  
oor Nederlands behaal en is ons taal vandag die  
gelyke van Engels in die skole. Hiermee is die  
taalkwessie op skool egter nog nie opgelos nie.  
Dit is maar net nodig om ons dagblaai te lees  
om te weet dat dit nie die geval is nie.